



LAERSKOOL KENRIDGE

GEDRAGSKODE

AANHEF

Die Skoolhoof, Opvoeders en Beheerliggam van Laerskool Kenridge het altyd die leerders se belange op die hart.

Ons streef daarna om leerders op 'n positiewe, konstruktiewe manier op te voed gebaseer op morele waardes:

- om rassisme, seksisme en ander vorms van onregverdig diskriminasie te verhoed,
- om by te dra tot die opheffing van armoede en die ekonomiese welstand van ons gemeenskap,
- om die diverse kulture en taalgebruike verteenwoordig deur ons skool te beskerm en te ontwikkel,
- om die regte van die leerders, ouers en opvoeders te handhaaf en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, regering en befondsing van die skool in vennootskap met die staat, te bevorder.

Daarom is dit nodig om eenvormige norme en standaarde vir die opvoeding en dissipline van die leerders by die skool op te stel.

DOELWITTE VAN DIE GEDRAGSKODE

- Om 'n kultuur van onderwys en leer in 'n skool te vorm deur 'n dissiplinêre sisteem wat alle leerders se reg tot effektiewe opvoeding, hul reg op menswaardigheid en hul reg tot sekuriteit, te beskerm.
- Om 'n duidelik gedefinieerde verduideliking te gee van die gedrag en aksies wat van leerders verwag word, sodat hulle hul gedrag toepaslik kan aanpas.
- Om standvastige en eenvormige aksies uit te spel, indien daar 'n oortreding is en gevolglik 'n gevoel van sekuriteit onder die leerders te ontwikkel, deurdat dit duidelik is wat van almal verwag word.
- Om as 'n maatstaf vir regverdig en redelike aksies te dien.
- Om die daaglikse funksionering van die skool te lei en aktiwiteite in 'n ordelike manier te laat plaasvind.

- Om 'n veilige omgewing vir leerders en onderwysers te skep.
- Om doelwitte te ondersteun, soos geformuleer in die skool se missie verklaring.

OMVANG VAN DIE GEDRAGSKODE

- Geen leerder is vrygestel om die gedragkode te gehoorsaam nie.
- Dit is egter belangrik dat die hele skoolgemeenskap bewus is van waar en wanneer die skool se gedragkode toegepas word, naamlik:
 - o Op ons skoolterrein voor, gedurende en na skool-ure.
 - o Tydens alle skoolaktiwiteite – op of weg van die skoolterrein.
 - o Buite die skoolterrein wanneer die leerders herkenbaar is as gevolg van hul skooluniform.

DIE REGTE VAN LEERDERS

1. Alle leerders by 'n skool het 'n demokratiese reg tot 'n behoorlike proses.
2. Geen persoon mag onreverdige diskrimineer teen 'n leerder nie. Alle leerders sal gelyk voor die reg behandel word en sal gelyke beskerming en voordele van die wet ontvang.
3. Elke leerder het inherente waardigheid en het die reg tot respek vir sy / haar waardigheid. Elke leerder het die reg tot privaatheid. Die skoolhoof of 'n opvoeder het egter die reg om 'n leerder se besittings te deursoek indien daar genoegsame redes tot suspensie is. Dit sal op 'n aanvaarbare en redelike metode plaasvind.
4. 'n Leerder sal nie op 'n wrede, onmenslike of afbrekende manier behandel of gestraf word nie en lyfstraf sal nie toegelaat word nie.
5. Geen leerder mag toegesluit word in opsluiting of detensie nie.
6. Leerders sal, onderworpe aan die reëls in hierdie kode, vryheid van spraak hê.
7. Leerders sal die reg tot 'n skoon en veilige omgewing hê wat bydra tot hul opvoeding.
8. Almal het 'n reg tot opvoeding en verdere opvoeding, wat die staat moet beskikbaar en bekombaar maak.

9. Die reg tot opvoeding sluit in die reg om alle klasse by te woon, om te leer en opgevoed te word in alle goedgekeurde vakke, om gereeld ingelig te word oor skolastiese vordering, om gebruik te maak van alle skoolfasiliteite gedurende skoolure en om die potensiaal van alle leerders ten volle te laat ontwikkel.

GEDRAG VAN LEERDERS GEDURENDE SKOOLURE OF DAARNA TERWYL HULLE DIE SKOOL VERTEENWOORDIG

1. Leerders moet hulself verbind om hul skoolwerk gedurende klasse te doen, om die onderwysers te respekteer en gehoorsaam en om weg te bly van enige ontwrigende aktiwiteite. Hulle moet alle voorgeskrewe huiswerk voltooi en werk inhaal wat gemis is as gevolg van afwesigheid.
2. Dit is die plig van elke leerder om al die fasiliteite en toerusting te beskerm en versigtig te gebruik. Die ouer of wetlike voog van 'n leerder wat skool eiendom of besittings van ander intensioneel of as gevolg van nalatigheid misbruik, beskadig of breek, sal dit vervang of betaal om dit te laat vervang. Dit sal egter nie die skool verhinder om verdere dissiplinêre aksie teen die leerder te neem indien dit nodig gevind word nie.
3. Leerders is verplig om skool gedurende skoolure by te woon. Indien 'n leerder afwesig is, sal die ouer of wettige voog die skool betyds laat weet om die leerder se afwesigheid te verduidelik.
4. Leerders het die verantwoordelikheid om te leer en hul potensiaal ten volle te ontwikkel, dit is akademies, arbeids, sosiaal, sport, spiritueel, kuns en kultureel (potensiaal). Hulle moet aktief deelneem aan die leerproses en besluitneming en moet die geleentheid hê om oor hul probleme te gesels.
5. 'n Leerder se gedrag moet van so 'n aard wees dat dit bydraend is tot die skep van 'n atmosfeer van wedersydse vertroue tussen die leerder en sy / haar onderwysers. Viktimisering van een leerder deur 'n ander sal nie toegelaat word nie.

Leerders moet alle skool- en klaskamerreëls soos opgestel deur die opvoeders, gehoorsaam, indien die reëls konsekwent is met die Gedragskode en duidelik en verstaanbaar is en voorsiening maak vir regverdige waarskuwing. Onbewustheid van die reëls word nie as 'n verskoning beskou nie.

REGTE VAN DIE OPVOEDERS

1. 'n Opvoeder by die skool sal dieselfde regte hê as 'n ouer of wetlike voog om die leerder volgens die Gedragskode te beheer en te dissiplineer gedurende die tydperk wat die leerder die skool, klaskamer, skoolfunksie, skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteite by of weg van die skoolterrein bywoon.
2. Die skoolhoof of 'n opvoeder, na aanleiding van redelike vermoede, het die wetlike gesag om enige leerder of leerder se eiendom te deursoek vir 'n gevaarlike item, wapen, vuurwapen, onwettige of ongemagtigde dwelmiddels, of gevaarlike, skadelike stowwe, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal, indien dit op die skool eiendom is.

Indien 'n leerling liggaamlik deursoek moet word, sal menswaardigheid toegepas word en persone van dieselfde geslag, verkieslik in die teenwoordigheid van nog een ander persoon, sal leerders in privaatheid deursoek. 'n Rekord sal gehou word van die proses en die uitkomst daarvan.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUIERS EN WETLIKE VOOGDE

1. Dit is 'n erkende feit dat die eintlike verantwoordelikheid vir 'n leerder se dissipline en gedrag, by die ouer of voog lê.
2. Die volgende word van die ouer / voog verwag:

Om die skool te ondersteun en die leerders aan te spoor om alle skool- en klaskamerreëls te gehoorsaam en om uiteindelik verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant.

Luister met 'n oop gesindheid na hul kind en die opvoeder.

Waak teen enige vooroordeel en soek altyd na 'n wen-wen oplossing.

Leer die kinders om positiewe oplossings tot probleme wat hulle elke dag teëkom te soek en om konflik sonder geweld te hanteer.

Neem 'n aktiewe belangstelling in kinders se skoolwerk en maak dit moontlik vir leerders om hul voorgeskrewe huiswerk te voltooi.

Wees verantwoordelik vir alle fooie en / of heffings gestel deur die skool en / of die Beheerliggaam van die skool of enige Trust begunstigde, alleenlik vir die verskaf van opvoeding en ekstra-kurrikulêre aktiwiteite vir die leerders by die skool.

Woon gereeld vergaderings by wat deur die skool en / of Beheerliggaam of Trust gereël is.

3. Deur hul volgehoue ondersteuning deur die ouers en / of voogde kan hul die uitvoering van die gedragskode versterk.

DISSIPLINE

1. Dit is 'n aanvaarde feit dat effektiewe onderwys slegs in 'n gedissiplineerde omgewing kan plaasvind.
2. Dit is die doel van die skool om positiewe dissipline, selfdissipline en voorbeeldige gedrag te bevorder om leerders in staat te stel om deur observasie en ondervinding te leer.
3. Seksie 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Art. 84 van 1996 (soos aangepas) stel die Beheerliggaam in staat om dissipline by die skool te handhaaf.
4. Die dissiplinêre proses moet spoedig, regverdig, finaal, korrektief, konsekwent en opvoedkundig wees. Waar moontlik, moet die ouer ingelig en betrokke wees in die regstelling van die leerder se gedrag.
5. Elke opvoeder is ten alle tye verantwoordelik vir die dissipline by die skool en by skoolaktiwiteite. Opvoeders het volle gesag en verantwoordelikheid om leerders se gedrag te korrigeer indien dit nodig is en om geringe oortredings by die skool of by skoolaktiwiteite, by of weg van die skoolgrond, te hanteer.
6. Ernstige oortredings en wangedrag moet aan die skoolhoof gerapporteer word. Hy /sy mag dit vir 'n verhoor deur 'n dissiplinêre komitee of die Beheerliggaam verwys, indien dit nodig geag word.
7. Enige korrektiewe maatreëls of dissiplinêre aksies moet pas by die oortreding. Korrektiewe maatreëls mag meer ernstig word met daaropvolgende herhaalde oortredings. Skorsing of uitsetting mag volg.

Geringe Oortredinge

Bestaande oortredinge van die skoolreëls of enige ander reël / gedrag / standaard of optrede soos besluit deur die opvoeder of skool van tyd tot tyd. Alle geringe oortredinge word intern deur die opvoeder by die skool hanteer.

Elke onderwyser is verantwoordelik vir dissipline en het die volle reg en verantwoordelikheid om leerders se gedrag te korrigeer indien dit nodig is.

Enige korrektiewe maatreëls of dissiplinêre aksie moet gepas wees vir die oortreding.

Prosedures voor dissiplinêre verhoor

Sover as moontlik sal 'n proses van progressiewe maatreëls toegepas word om 'n leerder op die pad van positiewe korreksie van gedrag te lei. Hiervoor mag opvoeders toepaslike maatreëls en intervensies gebruik, waarvan sommige uitgelig word in die "korrektiewe maatreëls" seksie hieronder.

In gevalle van herhaalde oortredinge of waar maatreëls geen positiewe invloed gehad het nie, sal die leerder 'n geskrewe nota vir wangedrag kry. Dit moet erken word deur die ouer en moet teruggestuur word na die skool en op die leerder se rekord geplaas word.

Indien die leerder verdere oortredinge of wangedrag pleeg, mag hy / sy tesame met die ouers gedagvaar word om voor 'n Dissiplinêre Komitee te verskyn vir 'n dissiplinêre verhoor.

Ernstige oortredinge

Dit is oortredinge wat in een van die volgende kategorieë pas, of 'n oortreding of wangedrag wat ernstig geag word deur die Dissiplinêre Komitee, maar nie in een van die volgende kategorieë val nie:

- (a) gedrag wat die veiligheid bedreig en regte skend van ander;
- (b) besit, dreig of gebruik van 'n gevaarlike wapen (gewere, messe of enige ander voorwerp wat die veiligheid van leerders / onderwysers bedreig).
- (c) besit, gebruik, oordrag of tekens demonstreer van die gebruik van narkotiese middels of ongemagtigde of onwettige dwelmmiddels, alkohol of sterk middels van enige aard;
- (d) baklei, aanrand of seermaak;
- (e) immorele gedrag of taal;
- (f) jouself vals identifiseer;
- (g) skadelike graffiti, haatspraak, seksisme, rasisme;
- (h) diefstal of die besit van gesteelde goedere insluitende toets- of eksamenvraestelle voor dit geskryf word;
- (i) onwettige aksie, vandalisme, of die verwoesting of beskadiging van skoleiendom;

- (j) disrespek, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig op opvoeders of ander skoolwerknemers en leerders;
- (k) herhaalde oortredinge van die skoolreëls of die Gedragskode;
- (l) kriminele en verdrukke gedrag soos verkragting en ander geslags teistering;
- (m) viktimisering, afknouery en intimidasie van ander leerders;
- (n) oortreding van eksamenreëls;
- (o) wetenlik en opsetlik valse inligting verskaf of vervalsing van dokumentasie om onregverdigte bevoordeling by die skool te ontvang;
- (p) in die besit wees van ontugtige of / en pornografiese materiaal;
- (q) kriminele gedrag van enige aard;
- (r) openlike tarding van wettiglike versoeke of instruksies gegee deur persone in gesagsposisies;
- (s) ontugtige gedrag; en
- (t) 'n opeenhoping van geringe oortredinge.

Korrektiewe Maatreëls

In die geval van wangedrag of oortredinge, moet korrektiewe maatreëls toegepas word. Die fokus sal altyd wees om die belange van die kind, sowel as die belange van die skool en ander betrokke partye, te balanseer. Wanneer besluit word op gepaste maatreëls, sal die opvoeder sowel as die dissiplinêre komitee probeer om kreatiewe maatreëls toe te pas wat gefokus is op 'n positiewe uitkoms vir almal wat betrokke is. Sonder om die moontlike maatreëls te beperk, is die volgende handige riglyne en mag in kombinasie toegepas word:

- (a) verbale of geskrewe waarskuwing deur 'n opvoeder, skoolhoof of dissiplinêre komitee;
- (b) finale geskrewe waarskuwing;
- (c) geskrewe straf;
- (d) verwydering uit die klaskamer na 'n aparte lokaal;
- (e) detensie;

- (f) skoolwerk onder toesig;
- (g) verwydering van klasse na 'n aparte lokaal;
- (h) gemeenskapsdiens om die fisiese omgewing binne en rondom die skool te verbeter;
- (i) verwysing vir berading;
- (j) bywoning van 'n gepaste lewensvaardighede-program;
- (k) skoolwerk onder toesig wat sal bydra tot die leerder se vordering by die skool of die skool se omgewing;
- (l) uitvoering van opdragte wat die slagoffer sal bystaan;
- (m) 'n ooreenkoms aangaande bekostigbare vergoeding;
- (n) vervanging van beskadigde eiendom;
- (o) skorsing van sekere skoolaktiwiteite;
- (p) opgee van sekere voorregte;
- (q) skorsing van skool vir 'n tydperk van een week, as 'n sanksie of tydens afwagting vir 'n dissiplinêre verhoor*;
- (r) uitsetting van skool*.
- (*) *Skorsing en uitsetting van die skool is gereguleer deur seksie 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, soos aangepas, en inagneming van hierdie vereistes sal gemaak word.*

Dissiplinêre Verhoor

1. Die Dissiplinêre Komitee sal bestaan uit lede aangewys deur die Beheerliggaam.
2. Alle nodige prosedurele inligting soos verskaf deur die Provinsiale Regulasie moet ingesluit wees by die geskrewe dagvaarding, wat ten minste vyf dae voor die verhoor uitgereik moet word.
3. Die regte van die leerder met betrekking tot 'n behoorlike regsproses sal gerespekteer en aan hom / haar verduidelik word. Dit sal die reg om te appelleer binne (5) skooldae, teen die bevinding en / of sanksies toegepas deur die dissiplinêre komitee insluit.
4. Indien die leerder dit nie bywoon nie, kan die verhoor in sy / haar afwesigheid plaasvind.

5. Die beheerliggaam moet 'n verslag hou van die verloop van die verhoor, en
- (s) mag die Hoof van die Departement skriftelik in kennis stel van sy besluit om 'n leerder te skors, of
 - (t) moet die Hoof van die Departement binne 24 uur van die aanbeveling om die leerder te skors in kennis stel.

SKOOLREËLS

In ons skool maak ons gebruik van gedragsreëls, wat beide gedrag en orde reëls insluit.

A. Die gedragskode is gebaseer op norme en waardes, wat deur al die leerders haalbaar is.

B. Reëls is nodig om die skool in 'n ordelike manier te laat funksioneer.

A.1 Norme en Waardes

Die volgende is vir ons belangrik:

- Liefde teenoor ons Skepper.
- Liefde vir ons medemens.
- Respek vir ander mense se gelowe en kulture.
- Erkenning van die regte van ander mense.
- Respek vir ons eie sowel as ander se besittings.
- Eerlikheid, opregtheid, goeie maniere.
- Netheid.
- Trots vir ons skool, sy kultuur en tradisies.
- Ywer, selfdisipline en stiptelikheid.
- Aanvaarding van verantwoordelikheid.
- Respek vir gesagsfigure.
- Deelname aan konstruktiewe aktiwiteite.

A.2 Houdings

- Deur volgens die genoemde norme en waardes te leef, vertoon ons 'n positiewe houding, wat ons respek vir die skoolreëls sal toon.
- Ons volg die werk- en opvoedingsprogram op 'n gedissiplineerde wyse.
- Ons glo in samewerking en orde sodat ons al die voordele van onderwys kan ontvang.
- Ons gehoorsaam alle riglyne rakende eksamens, toetse en huiswerk.
- Ons handhaaf 'n goeie balans tussen akademiese en buitemuurse programme. Ons trots op ons skool moet op enige gebied en tydens alle aktiwiteite uitgeleef word.

B.1 Gedrag in die Skoolgebou

B.1.1 Klaskamer

- Loop op 'n ordelike manier die klaskamer binne en staan langs jou lessenaar. Op die onderwyser se opdrag, sit die leerlinge.
- Indien die onderwyser nie teenwoordig is nie, begin dadelik lees.
- Staan slegs vir 'n besoeker as dit van jou onderwyser versoek word.
- Verlaat die klaskamer op 'n ordelike wyse aan die einde van 'n les.

B.1.2 Gang

- Moet nooit in die gange hardloop nie.
- Loop altyd in 'n enkelry aan die linkerkant van die gang.
- Klaswisselinge vind plaas sonder om ander klasse te steur.
- Daar sal geen onnodige stappery of wandeling in die gange plaasvind nie.
- Hou die gange skoon en netjies.
- Alle besittings moet aan die einde van die dag uit die gange verwyder word.

- Telefoonoproep word beperk tot pouses en na skool, tensy 'n onderwyser toestemming gegee het.
- Geen leerder mag die hoofingang van die skool gebruik nie.
- Verlaat die skoolgebou deur die uitgang wat die naaste aan jou klaskamer is.

B.1.3 Skoolgronde

- Niemand mag die skoolterrein gedurende skoolure verlaat sonder die skoolhoof se toestemming nie.
- Alle balspeletjies word op die rugbyveld gespeel.
- Loop altyd versigtig om die hoeke van geboue.
- Daar mag nie aan enige apparaat of masjinerie gepeuter word nie.
- Bewaar en beskerm ons plante en bome.
- Die klim van bome of heinings word verbied.
- Kinders mag nie enige ander leerders met voorwerpe gooi nie.
- Rommel moet in die vullisdrom gegooi word.
- Die gebruik van lemskaatse, skaatsplanke en fietse op die skoolgronde, gedurende skoolure, is verbode.
- Leerders mag nie in die omgewing van onderwysers se motors speel nie.

B.1.4 Kleedkamers

- Daar mag geen spelery en etery in die kleedkamers plaasvind nie.
- Leerders moet verseker dat geen water onnodig gemors word nie.
- Slegs een persoon word in 'n toilet toegelaat.
- Die toilette en mure moet skoon en netjies gehou word.

B.2 Reënerige Dae

- Leerders gaan die skool by die naaste ingang binne en sit op 'n ordelike wyse in hul klaskamers.

- Leerders moet die voorgeskrewe reënjas of baadjie dra.
- Beweging in die gange en klaskamers moet ordelik wees (geen hardlopery nie).
- Leerders moet by die voorgeskrewe parkeerareas afgelaai word.
- Leerders moet gedurende pouse in hul eie klaskamers bly. Geen gekuier in ander klaskamers word toegelaat nie.

B.3 Prosedures by die rye

- Leerders word nie voor skool in die skoolgebou toegelaat nie.
- Skooltasse moet netjies geplaas word in die rye waar die leerders in klasverband gaan staan.
- Na die tweede klok, stap leerders die skoolgebou in 'n enkelry binne.

B.4 Algemene Voorkoms

B.4.1 Uniform vereistes

Kenridge leerders word versoek om gepas aan te trek en te alle tye 'n netjiese voorkoms te toon. Uniforms moet behoorlik pas.

Alle persoonlike besittings en klere moet duidelik gemerk word met die leerder se naam. Alle gemerkte klere en besittings sal aan die leerder terugbesorg word. Ongemerkte klere en besittings sal onmiddellik na die Skoolwinkel gestuur word, waar dit verkoop sal word.

Slegs die voorgeskrewe skooluniform mag gedra word. Leerders moet 'n brief na die skool bring indien hulle nie die voorgeskrewe uniform dra nie. Sport- en skooluniform mag nie saam gedra word nie.

B.4.2 Hare (Meisies)

- Moet skoon en natuurlik van kleur wees.
- Hare mag nie gekrul word nie en geen gel / haarsproei word toegelaat nie.
- Haarstyle moet netjies en gepas vir die skooluniform wees en sal onderdanig wees aan die aanvaarbare norme, soos deur die skool vasgestel.
- Materiaalbande, 'scrunchies', dun strikke en effekleurige kopbande – wit of groen – mag gedra word.

- Hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind word.
- Kuiwe wat aan die wenkbroue raak, moet geknip of vasgemaak word.

B.4.3 Juweliersware (Meisies)

- Oorbelle – slegs een paar klein ‘studs’ of dun ringetjies (15 mm in omtrek) mag gedra word. Hierdie oorbelle mag slegs in die oorlelle gedra word, slegs een oorbel per oor.
- Horlosies en mediese waarskuwingsarmbande word toegelaat, maar geen ander juweliersware nie.
- Naels – vingernaels mag nie verby die vingerpunte uitsteek nie. Gekleurde naelpolitoer is ontoelaatbaar.

B.4.4 Hare (Seuns)

- Moet skoon en natuurlik van kleur wees.
- Haartstyle moet netjies en kort wees.
- Lang kuiwe is ontoelaatbaar en mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Hare mag nie aan die hempkraag of ore raak nie.
- Geen gel / haarsproei mag gebruik word nie.

B.4.5 Juweliersware (Seuns)

- Horlosies en mediese waarskuwingsarmbande word toegelaat, maar geen ander juweliersware nie.
- Horlosiebande moet konserwatief van kleur wees.

B.4.6 Skooluniform

Alle inligting aangaande die skooluniform is beskikbaar by ons skoolwinkel of op ons webwerf www.kenridgeprimary.co.za.

Die Beheerliggaam en / of die skool behou die reg om hierdie dokument te enige tyd aan te pas, op voorwaarde dat die veranderinge by die oorspronklike dokument pas.